SLINGERVEL

Augustus 2018
No 1000!

Christelike maandblad vir die jeug

SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1000, Augustus 2018

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Hoe het Slingervel ontstaan?
9 Die vyfde gebod
10 Dawid en Goliat – Blokkiesraaisel
12 1958 bekendstelling van Slingervel
13 Dawid en Goliat – Doolhof
14 Soek die verskil
15 Elke luis het sy gespuis
16 Oplossing – Soek die verskil
17 Oplossing – Blokkiesraaisel
Dawid en Goliat – Inkleurprent
18 Wat kan ek lees?
20 Tuimeltrein-dag

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1000
Augustus 2018

ISSN 0037 685 X

REDAKTEURSBRIEF

Maats!

Kyk ’n bietjie op die linkerkantste bladsy. Sien jy die foto van die voorblad? Kyk bietjie wat staan onder die foto: Slingervel Jaargang 60. Uitgawe 1000.

Dit beteken dat jy nou in jou hand die duisendste uitgawe van die *Slingervel* in jou hand hou, en dat dit 60 jaar geneem het om daar te kom.

60 jaar. Vra bietjie vir Oupa en Ouma hoe oud hulle is? Nou het jy ’n idee van hoe oud *Slingervel* is. Is dit nie wonderlik hoe die Here ons tydskrif jaar na jaar gebruik om met ons kinders te praat nie! *Slingervel* was vir my wonderlik toe ek hom as kind gelees het!

Hier is die voorblad van ons 1958-uitgawe: hy het ook in Augustus verskyn.

Hy het 1 sjieling gekos. Ja maats, ek dink nie julle ken hierdie woord nie! In 1961 het Suid-Afrika ’n republiek geword. Voor dit was ons ’n Britse kolonie en het ons die Britse geldeenhede gebruik: ponde, sjielings en pennies.

Toe ons in 1961 oorgeskakel het, moes ons ’n bietjie sommetjies maak! Daar was 12 pennies in ’n sjieling en 20 sjielings in ’n pond. Toe ons oorskakel, was daar 100 sent in ’n rand. 12 pennies moes 10 sent word en ’n pond was 2 rand. Weet julle dat ons ’n ½ c-muntstuk gehad het?

Kom ons kom terug na die Slingervel: Hy het 10c gekos! Ons kleinste muntstukkie vandag!

Hy het 24 bladsye gehad en op die agterblad die katkisasielesse vir die maand.

Mag die Here nog lank ons tydskrif in sy Koninkryk gebruik om kinders van Hom te leer, en hoe wonderlik sy skepping is.

Groetnis!

Tannie Joey

Hoe het Slingervel ontstaan?

Ds. KS van Wyk de Vries, redakteur van Augustus 1958 tot Maart 1961



Prof. SJ du Plessis, redakteur van April 1961 tot Desember 1965

Prof. PW Buys, redakteur van Januarie 1966 tot Desember 1999

In die Augustus 2008-uitgawe van Slingervel, toe die tydskrif 50 jaar oud was, het die redakteur, dr. CN (Nico) van der Merwe, die volgende oor die ontstaan van Slingervel geskryf:

In ons terugdink aan die geboorte van die *Slingervel* moet ons nie net teruggaan na 1958 toe die eerste *Slingervel* verskyn het nie. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is in 1859 gestig. Van die begin af is die kinders van die gemeentes in die katkisasie onderrig en geleer. Julle weet self dat in die skool en in die katkisasie daar 'n *rooster* moet wees waarvolgens die leerwerk gedoen moet word. As julle in die katkisasie nie 'n *lesrooster* het wat die werk presies vir jou indeel in verskillende lesse en lesperiodes nie, sal dit vir jou baie moeilik wees om weekliks die werk te doen wat van jou verwag word.

Julle moet onthou dat die Gereformeerde gemeentes aanvanklik baie min was toe die Gereformeerde Kerke gestig is en hulle was versprei oor die hele Suid-Afrika. Omdat daar nog nie lesroosters vir die katkisasiewerk was nie, was dit baie moeilik vir elke gemeente om te bepaal watter werk en hoeveel die kinders in die katkisasie moet leer. Verskillende sinodes van die kerke het oor hierdie saak besluite geneem. Daar was ook nog nie die nodige handboeke of handleidings wat die leerinhoude van die katkisasie behandel het nie. In sommige gemeentes het die dominee self 'n lesrooster opgestel vir die katkisasieklasse in die betrokke gemeente. Daar was egter baie min predikante, met die gevolg dat 'n groot persentasie gemeentes nie oor 'n lesrooster vir die katkisasiewerk beskik het nie. Om die saak te vergemaklik, is eenmaal per kwartaal 'n "voorligting"-rubriek in *Die Kerkblad* geplaas ten opsigte van die katkisasie. Die Sinode van 1939 besluit om 'n algemene *Katkisasie-Lesblad* uit te gee waarin die leerinhoude van die katkisasiesillabus georden en ingedeel is.

Die Gereformeerde Katkisant

Drie professore van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, prof. Hennie Bingle, prof. Chris Coetzee en prof. Piet Jooste maak planne om 'n *Katkisasieblad* vir die jeug van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit te gee. Die gedagte is dat die blad maandeliks uitgegee sal word, en dat die leerinhoude van die kategetiese sillabus daarin beskrywend behandel sal word. As naam is gekies *Die Gereformeerde Katkisant,* met die sub-hoof *Offisiële Orgaan vir die Katkisante van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika.* As julle vir julle ouers of julle oupa's en ouma's vra, sal hulle sekerlik nog *Die Gereformeerde Katkisant* onthou. Die Sinode aanvaar in 1955 die voorstel dat *Die Gereformeerde Katkisant* omskep word in 'n leesblad vir die kinders.

Die besluit oor die Slingervel

So verskyn die *leesblad* in Augustus 1958 as 'n jeugblad vir die Gereformeerde jeug. Die blad is, soos sy subtitel aandui, bedoel om 'n "*Christelike maandblad vir kinders*" te wees. Op voorstel van Oom Gert (ds. GBS Pasch) van Potgietersrus word die tydskrif *Die Slingervel* genoem.

Dr. CN van der Merwe, redakteur van Januarie 2000 tot September 2013

Die redakteurs van die Slingervel
Sedert die ontstaan van die *Slingervel* in Augustus 1958 was daar al vyf redakteurs wat verantwoordelikheid vir die tydskrif geneem het.

Hulle is: *Oom Klaas* (dr. KS van Wyk de Vries: Augustus 1958 – Maart 1961), *Oom Sarel* (prof. SJ du Plessis: April 1961 – Desember 1965), *Oom Pieter* (prof. PW Buys: Januarie 1966 – Desember 1999) en *Oom Nico* (dr. CN van der Merwe) sedert Januarie 2000. Van al die redakteurs was Oom Pieter die langste in beheer, naamlik 33 jaar. Van Februarie 2014 af is *Oom Hennie* (dr. HF van Wyk) die redakteur.

Mag hierdie tydskrif nog lank in Gereformeerde huise gelees word! SV

Dr. HF van Wyk, redakteur van Januarie 2014 af

Die vyfde gebod

Oom Hennie

Maats

Hierdie gebod kan soooo maklik verkeerd gebruik word! Dit kan sooo maklik as 'n lat gebruik word. 'n Lat maak seer. Onthou net dat God nie een van die gebooie gegee het om seer te maak of sy kind te benadeel nie. Ook nie die vyfde gebod nie.

Wat baie waar is, is dat die duiwel die hardste werk waar ons mekaar moet liefhê.

Die eerste plek waar jy met liefde te doen gekry het, was by die huis. En dis die eerste plek waar die duiwel die liefde wil vernietig.

Nou is dit so dat jy nie altyd mooi verstaan as Pa of Ma "nee!" sê nie. Nou mag jy mooi, baie mooi, vra hoekom hulle so sê. As 'n mens dit nie doen nie, kan jy dalk dink dat dit 'n gaping is tussen jou en jou ouers: Hulle verstaan jou nie en jy verstaan hulle nie. As ons mekaar liefhet, moet ons ook mekaar verstaan.

Die Here begin by die ouerhuis waar die liefde die sterkste is. Waar 'n mens mekaar kan vergewe en verdra, al maak ons foute. Maar daar is meer: kerk, skool, regering.

Ons moet besef dat die Here mense gebruik om vir ons 'n omgewing te skep waar ons kan leef en werk. Ek moet kan luister omdat die Here hulle daar gestel het. SV



Tannie Maryke

Tuimeltrein-dag

Nie net leer ons dat **16 AUGUSTUS** Tuimeltreindag is nie, ons leer ook sommer 'n nuwe woord! Tuimeltrein! Dis vir my die mooiste Afrikaanse benaming vir "roller coaster" – 'n slimkop-woord wat jy lekker kan gebruik volgende keer wanneer jy en jou gesin of maats weer 'n draai by Gold Reef City gaan maak.

16 Augustus 1898 word gevier as die dag waarop Edwin Prescott 'n patent ontvang het vir die "loop-de-loop" – 'n tuimeltrein wat 'n onderstebo draai kon maak.

Vandag se tuimeltreine word ontwerp in die vorm van 'n spoorpad hoog in die lug, met skerp draaie, steil opdraandes en soms onderstebo draaie. Mense sit gewoonlik in oop waentjies, en dié opwindende ritte word in pretparke regoor die wêreld gevind. Daar is ook sterk kompetisie tussen pretparke om die wenner van die vinnigste, hoogste, wildste of mees vreesaanjaende tuimeltreinrit te wees.

Tuimeltreinritte word ook ingedeel in hoogtes. 'n "Hyper coaster" het 'n hoogte van meer as 61 meter, terwyl 'n "giga coaster" meer as 91 meter die lug in strek. Nes jy na jou asem snak en dink dis rof, is daar ook 'n "strata coaster" wat jou maag behoorlik sal laat draai met 'n hoogte van 120 meter. Dis omtrent so hoog soos wat jou skool se rugbyveld lank is!

Die wêreld se hooste tuimeltreinrit op die oomblik is Kingda Ka (foto regs) by Six Flags Great Adventure in New Jersey, Amerika. Hierdie monsterrit neem jou 139 meter die lug in, voordat jy teen 206 kilometer per uur af aarde toe skiet. Dit is ook die tweede-vinnigste tuimeltreinrit ter wêreld.

Hierdie is waarlik 'n waansinnige rit, as jy in ag neem dat Suid-Afrika se hoogste rit, die Golden Loop, maar 42 meter hoog is en ons vinnigste rit, die Tower of Terror (foto bo), slegs 95 kilometer per uur bereik (albei is by Gold Reef City in Johannesburg).

So, as atletiekbyeenkomste en eksamens nie genoeg opwinding is om jou maag te laat draai nie, is daar altyd 'n adrenalienbelaaide tuimeltreinrit! SV